UNIE VAN SUID-AFRIKA

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY
11, 20, 5

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT

AFDELING OPVOEDING VAN VOLWASSENES

# ONS NASKOOLSE ONTWIKKELING

DEUR

G. W. EYBERS
*Direkteur van Opvoeding vir Volwassenes in die Unie van Suid-Afrika*

GEDRUK IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA DEUR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
1947

G.P.-S.10713—1946-7—1,000

UNIE VAN SUID-AFRIKA

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT

AFDELING OPVOEDING VAN VOLWASSENES

# ONS NASKOOLSE ONTWIKKELING

DEUR

G. W. EYBERS

*Direkteur van Opvoeding vir Volwassenes in die Unie van Suid-Afrika*

GEDRUK IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA DEUR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
1947

G.P.-S.10713—1946-7—1,000

# VOORWOORD.

Hierdie publikasie bevat 'n bondige uiteensetting van die regering se skema vir die opvoeding van volwassenes.

Daar is verskeie redes waarom die staat aan die volwasse deel van die bevolking geleenthede tot verder stelselmatige opvoeding wil verstrek. Ek wil graag drie daarvan noem. Die eerste is omdat die skoolonderrig van die oorgrote meerderheid van die inwoners van die land op so'n jeugdige leeftyd onderbreek of beëindig word, dat die ontoereikendheid daarvan iedereen in die gesig staar en dus aangevul moet word. Die tweede is omdat ons uit die ervaring en waarneming sowel as uit die toetse van opvoedkundiges van naam soos Grundvig en Thorndike weet dat die jeug in sy skooljare weens sy onrypheid en gebrek aan ervaring alleen in 'n beperkte sin kan verstaan en waardeer en dus 'n verder kans tot insig en vorming moet kry. Die derde rede is omdat maatskaplike instellings soos die groot kapitaal, die kerk of politiek en staatsbeheerde onderwys deur hul druk op die openbare mening, sowel as die tegniek deur middel van die film, die radio en die pers so'n magtige wapen tot propaganda, oorreding en beheer in die hande van geldsterke groepe en regerings- en ander kringe gelê het, dat dit noodsaaklik geword het om 'n korrektiewe teëwig aan die volk te verleen ten einde hulle in staat te stel om self 'n verstandige oordeel oor sake te kan vel.

Die opvoeding van volwassenes wat vir jare reeds deur allerlei inrigtings en organisasies op waardige wyse behartig word, hoewel daar selde van hul werk onder hierdie naam melding gemaak is, word nie deur die staat oorgeneem nie. Ook stuur die staat vir die teenwoordige geen ondernemings die land in nie. Daar word vir die moment alleen leidend, raadgewend, sistimatiserend, stimulerend en subsidiërend deur die staat opgetree—ook tot 'n mate beskermend. Die staat wil meer doen as om sy burgers te belas. Hy wil hulle ook beskerm. En dit is nie beskerming teen wapengeweld soos in die outyd of selfs teen materiële uitbuiting alleen nie, maar teen subtiele gevangesetting van die gees wat soms die valse skyn van 'n publieke mening aanneem. Dit is ook beskerming teen ekonomiese en politieke kontrole wat die vryheid van beweging en later die vryheid van praat en dink aan bande lê.

By so'n wydvertakte intellektuele en geestelike proses soos die opvoeding, en veral by die aanvang van 'n nuwe rigting of 'n nuwe inspanning, is dit die beste as die individu die geleentheid kry om te praat. Dit is nie altoos meteens duidelik in hoever hy die gevoelens van sy groep goed vertolk nie. In hierdie werkie word dus my eie menings en nie noodwendig dié van die Departement uitgespreek nie. As hier foute begaan word, kom hulle op my rekening.

Die Departement is van plan om nog 'n paar werkies oor verskillende aspekte van verder opvoeding uit te gee, en as 'n proef sal daarna gestreef word om die publikasies om die helfte in die twee landstale te laat verskyn. Wanneer elkeen in sowel Afrikaans as Engels uitgegee word, word die onkoste meer as verdubbel; en dit word gevoel dat diegene wat die pamflette sal raadpleeg, beide landstale genoegsaam magtig is vir daardie doel.

Dit word vertrou dat hierdie prosedure deur almal wat aan die grootse taak van ons nasionale ontwikkeling meewerk, waardeer en gebillik sal word.

G. W. EYBERS.

Pretoria, 18 Desember 1946.

10713—1

## ONS NASKOOLSE ONTWIKKELING.

,, 'n Nasie wat aan sy toekoms wil bou, eis meer kennis.''

Die volwasse persoon wat geen opvoeding ontvang nie, gaan deur die lewe met oop oë maar sonder om te sien, met oop ore maar sonder om waar te neem, op te merk of te waardeer, en met 'n gesonde van God gegewe intellek maar sonder om te weet of te verstaan.

Mag dit met reg volgehou word?

Bly daar dan werklik so min van ons skoolopvoeding oor?

Die antwoord is dat terwyl die skoolopvoeding ongetwyfeld 'n hele aantal neigings en bekwaamhede besorg, baie van die kennis wat ons opdoen en baie van die belange wat ons ontwikkel op die agtergrond gedring word, langsaam vervaag, en eindelik verlore raak, terwyl die meeste bekwaamhede wat ons deelagtig word nog niks met ons eintlike lewe as volwassenes te doen het nie. As ons nie sorg dat ons opvoeding voortduur nie, dan word daar na skool- of universiteitsverlating nie meer aan sulke sake soos somme, aardrykskunde, poësie, skeikunde, Romeinse kuns, Griekse mitologie, logika of ekonomiese geskiedenis enige aandag verleen nie. Dit is 'n verskynsel wat iedereen waargeneem het en waaraan iedereen onderhewig is. Daaroor is ook reeds wetenskaplike ondersoek ingestel en daar is vasgestel dat as iemand na skoolverlating nie met die stelselmatige gebruik van sy opgedane kennis en vaardigheid voortgaan nie, hy binne 'n paar jaar van die ouderdom van 14 jaar na die ouderdom van omtrent twaalf terugval. Anders gesê: dit is bekend dat as ons na Std.VI 'n paar jaar nie lees, skryf en syfer nie, ons feitlik tot 'n staat van ongeletterdheid terugval. 'n Ernstige gedagte voorwaar, veral ten opsigte van mense wat 'n lang tyd in afgeslote streke met suiwer handearbeid moet besig wees of om ander redes selde met lees- of skryfwerk te doen kry.

Dit het egter met blote geletterdheid alleen te doen, iets wat, soos ons die saak beskou, ongeveer na Std. 111 verkry word; en geletterdheid is maar die allerlaagste sport op die opvoedkundige leer. Wat van die ander sporte, en hoe sal die volwassene hulle beklim?

### Drie Verskynsels.

Ons het vandag in Suid-Afrika met die volgende verskynsels rekening te hou:

In die eerste plek is daar onder die bevolking groot intellektuele en geestelike chaos, te wyte aan die skrille kontras wat hulle bespeur tussen privaat en openbare sedelikheid; tussen die wet van iedere land en internasionale reg; tussen die erkenning van die vryheid en integriteit van volkere en die afneem van hulle handel, hulle vloot en hulle grondgebied; tussen die betuigings van eerlikheid en naasteliefde aan die een kant en die dade van haat, wraak en roofsug aan die ander; tussen die Christelike belydenis en die goddelose wandel. Die mense verstaan dit nie. Hulle soek na 'n verklaring. Wat is dan eintlik die norm of maatstaf? Is daar een reël vir 'n man se gedrag as 'n indiwidu en 'n ander as hy namens sy groep praat? Is daar aparte etiese wette vir 'n man wanneer hy die eiendom van sy buurman respekteer en wanneer hy die kêrel oor die see besteel? Wat beteken dit as 'n man gedurig met gloed beweer dat hy van jou hou en met jou wil saamwerk, maar net so gedurig byna alles wat vir jou dierbaar is bekamp of negeer? Bestaan daar nog so-iets soos ,, fairplay''?

Help dit om op aarde na 'n lewensfilosofie of na etiese beginsels te soek?

In die tweede plek word ons vandag getref deur die groot belangstelling in landsake wat daar bestaan. Miskien is dit juis 'n soek daarna om die barre teëstellings wat ons hierbo genoem het, te laat rym. Ons kry in ieder geval groot belangstelling in:

(*a*) ons internasionale verhoudings; en sterk ontevredenheid oor ons magteloosheid om hulle na goedvinde te rig;
(*b*) verhoudings tussen Afrikaans- en Engelsprekendes en tussen blankes en nie-blankes;
(*c*) immigrasie na die Unie;
(*d*) die belastings wat ons betaal;
(*e*) die ontwikkeling van ons nywerhede, ons arbeidsvraagstukke, ons bemarkingsprosesse en ons binne- en buitelandse handel;
(*f*) beter werkverrigting deur almal in die openbare belang;
(*g*) ons landbou;
(*h*) ons opvoeding;
(*i*) ons kuns: die toneel, musiek, skilderkuns en letterkunde.

Ten derde word ons getref deur die groot belangstelling in natuurverskynsels en natuurmagte soos:

(*a*) atoomkrag en die oordeel wat die afwerp van die bom by Nagasaki oor die mensdom uitgespreek het; en gepaard daarmee die vraag of ons iets kan doen om daardie oordeel te ontwyk;
(*b*) wat daar op die hemelliggame, die son, maan en sterre plaasvind;
(*c*) hoe die berge gevorm is;
(*d*) vervoermiddels wat die wetenskap ons gee;
(*e*) die rol wat die wetenskap in ons nywerhede en in ons ingenieurswese speel.

Aan die een kant is daar dus verwarring en verbystering wat moeilik te verduur is en daarom verwyder moet word— aan die ander nuuskierigheid, weetgierigheid, 'n dors na kennis en 'n verlange na wat skoon is, met in die agtergrond, miskien vaag omlyn maar nie te min magtig soos 'n hongersnood, 'n ontevredenheid met onsself en 'n hunkering na wat ewig goed is.

Die mens verstaan nie meer die wêreld waarin hy gebore is nie— nog die materiële wêreld, nog die staatkunde, nog die geestelike wêreld.

Kan ons opvoeding hom help?

### Is Verder Opvoeding Noodsaaklik?

Dit is van belang dat hy gehelp sal word, want hy is nie 'n persoon wat homself kan help nie. Die wette op verpligte skoolbesoek vir blankes in Suid-Afrika eis bywoning tot die ouderdom van sestien jaar (15 jaar in Natal) of die bereiking van Std. VI (in Transvaal Std. VIII met 16 jaar). Vir die groot meerderheid word dus Std. VI geëis. Die gemiddelde ouderdom vir die bereiking van Std. VI is iets onder 14 jaar. Ons onderwysgegewens is in 'n treurige toestand van onvolledigheid maar dit is goed bekend dat baie duisende leerlinge jaarliks die skool na Std. VI, d.w.s. op 14-jarige leeftyd verlaat. Die groot gros van die wat agterbly, verlaat die skool op hoogstens 17 of 18 jaar en die res, die wat 'n universiteitskursus onderneem, op 22 tot 23 jaar.

## VERPLIGTE VOORTGESETTE OPVOEDING OP 'N DEELTYDSE BASIS.

Die Komitee insake die Opvoeding van Volwassenes het in Hoofstuk III van sy Verslag (U.G. No. 35—1945, by die Staatsdrukker in Pretoria teen 3s. per eksemplaar verkrygbaar) op die noodsaaklikheid vir verder opvoeding van ons jeug gewys. Hulle het vermeld dat verskeie lande soos Duitsland, Switserland, Swede, die Verenigde State en Engeland reeds sodanige verpligting aanvaar het. Die eerste Duitse staat het sy wet in 1855 aangeneem en die ander lande het gevolg. Die jongste bepaling was die Engelse wet van 1944. Voordat tot verpligting besluit is, is oorweeg of die verlangde doel nie te bereik sou wees as die verpligte ouderdom vir gewone skoolbesoek verhoog sou word nie, maar die gedagte is gewoonlik om ekonomiese redes verwerp. Ons weet vandag dat dit ook op sielkundige gronde onaanneemlik is, want die leerlinge het nog nie die verstandelike ontwikkeling of die ervaring van die lewe of die mensekennis om hulle genoegsame voordeel te laat trek uit juis daardie studie van sake wat ons vir hulle wenslik ag nie. Dit kom eers later in hul lewe.

Dit was nie sonder ryp beraad dat tot die aanneem van die wette in hierdie lande besluit is nie, en 'n studie van die toestande in iedere land laat ons besef dat die redes wat aldaar die deurslag gegee het, in nog groter mate in Suid-Afrika met sy gemengde bevolking en sy maatskaplike en ekonomiese vraagstukke—en in die huidige tyd met sy twyfel, sy sanksies van wat vir ons verkeerd lyk en sy verwerping van wat tradisioneel aanneemlik skyn te wees—aanwesig is. Die Komitee wys daarop dat ons seuns en dogters op die oomblik die leerpliggrens in een van die moeilikste en kritiekste lewenstydperke bereik, nl. in die tyd van die adolessensie. ,, Hulle worstel met die probleme van die godsdiens, die geslagslewe, die gemeenskapslewe en die arbeidswêreld. Daar is by hulle 'n konflik tussen verstand en gevoel wat hulle verbysterd en in die middel van die wêreld laat. Dit is vir hulle waarlik 'n periode van , sturm und drang '.

Dit is klaarblyklik noodsaaklik dat hierdie moeilike lewenstydperk opvoedkundig oorbrug sal word. Deur die beskermende en vormende invloede van voortgesette onderwys, tesame met die heilsame invloed van arbeid, moet ons die jeugdiges help om hul persoonlikheid te ontwikkel—gesonder van liggaam, ruimer en dieper van gees, en stabieler van karakter. Opvoedkundige invloede is noodsaaklik om die adolessent te help om hom by die nuwe wêreld van die volwassene aan te pas. Word dit verwaarloos, dan is heropvoeding en rehabilitasie later nodig, iets wat 'n veel ingewikkelder en duurder proses is. Dit is beter om geldelike steun aan vorming as aan hervorming te verleen, liewer voorkoming as beredderinɡ.'' Buitendien, in die moderne wêreld is 'n land wat 'n bevolking met die gemiddelde intelligensie van 'n Std. VI skoolkind het, tot gewisse ondergang gedoem; maar 'n volk met 'n toekoms waaraan hy wil bou, eis meer kennis.

Die grootste stap wat nog in die huidige eeu met ons hele onderwys geneem is, was die invoering van verpligte laerskoolopvoeding. Die grootste gedagte wat daarop gevolg het, is verpligte deeltydse opvoeding tot die agtiende verjaarsdag van die kind of die bereiking van die senior sertifikaat. As die mense met stelselmatige opvoeding tot die agtiende jaar besig gehou word, sal hulle heelwaarskynlik begeer om daarmee voort te gaan of om dit later te hervat, en hulle sal dit dan ook minder lastig vind. As ons besluit om dit te doen,

sal ons selfs gelukkiger wees as die Deense volk. Hulle Hoër Volkskole het in sekere sin swaar gekry omdat die studente die gewone skole op 14-jarige leeftyd verlaat en die volgende vier jaar sonder enige skoolopvoeding deurgebring het. Die deeltydse opvoeding van ons leerlinge tot hul 18de verjaarsdag sal die gewoontes van boekgeleerdheid lewendig hou, en die volwassene wat by 'n opvoedkundige onderneming aansluit, sal hom nie in 'n nuwe wêreld bevind met nuwe gereedskap waarvan hy die gebruik byna vergeet het nie.

Ek het hierdie onderwerp, die verpligte voortgesette opvoeding van ons jongmense tot hul 18de verjaarsdag, die laaste tyd met honderde persone, in kleiner of groter groepe vergader, bespreek, en daar was nie een wat die mening uitgespreek het dat ons dit nie moet of nie kan onderneem nie. Inteendeel voel die mense dat ons dit lank reeds moes gedoen het. Aan die ander kant moet ons stellig verwag dat as ons nie spoedig van die saak werk maak nie, die belangstelling sal verflou, en dan het ons 'n groot geleentheid laat verbygaan en 'n groot plig nagelaat.

Daar kan 'n waardevolle en interessante kursus opgestel word, soos in die Verslag van die Komitee gedoen word en die jongmense sal daar veel baat by vind; maar ek wil graag erken dat ek in hierdie tydsgewrig veral onder die indruk verkeer van die noodsaaklikheid om hulle 'n besef van relatiewe waardes te laat kry. Hulle kan begin nadink oor die eienskappe wat 'n mens in die lewensgesel of gesellin wat jy gaan kies, soek, en oor die onderlinge verhoudings in 'n gelukkige gesin. Hulle kan vroeg begin verstaan wat die nadele van tabak is, van sterk drank en van die ontspanningsgeriewe wat daar bestaan, wat dit beteken om meester in jou nering of beroep te wees, wat die kerk vir jou kan beteken en wat die staat van jou verwag. Die belangrikheid van hierdie tydperk van voortgesette opvoeding lê dan ook daarin dat die jeug se intellek stelselmatig ontwikkel word met betrekking tot reële sake van waaragtige belang waarvoor sy belangstelling deur goeie dosente opgewek kan word sodat hy daarvan hou en bo alles dat hy vir 'n verder tydperk onder die invloed bly van opgevoede mense wat self van goeie inbors is en dus die gedagtegang van die jeug in gewenste rigtings kan lei. Sy opvoeders sal hom na kennis, insig, 'n begrip van waardes en doeltreffende selfdissipline lei, want daar is soveel goeds in die jongmense dat dit jammer sou wees om hulle sonder leiding aan die genade van die tydgees oor te lewer. Ons wil ten bloede toe stry vir hulle lewe teen die magte wat hulle bedreig. Die beste manier is om hulle self tot die stryd te wapen.

Ek dink ons het wetgewing nodig wat die volgende sal vaslê:

(*a*) Die betaling van 'n hoofdelike toelaag ten opsigte van leerlinge wat goedgekeurde skole bywoon van hul derde (later hul tweede) tot hul sesde verjaarsdag.

(*b*) Verpligte skoolbesoek van die sesde verjaarsdag tot die 15de verjaarsdag of die bereiking van Std. VIII met verpligte voorvakleerlingopleiding vir twee jaar in die geval van toekomstige vakleerlinge daarby ingeslote.

(*c*) Verpligte deeltydse opvoeding tot die 18de verjaarsdag of die aflê van Std.. X.

Dit is veral met (*c*) en met die jare wat daarop volg dat ons hier te doen het. Die bepalings wat met (*a*) en (*b*) te doen het, interesseer ons nie op die oomblik nie. Hulle word alleen hier bygebring ten einde ons openbare skoolopvoeding globaal en as 'n geheel te kan

sien. Verpligting is duidelik nodig en dit is in ander lande en in Suid-Afrika—in die laaste geval veral ten opsigte van vakleerlingkap— oor en oor bewys dat 'n vrywillige stelsel van formele voortgesette opvoeding op sy bes genome gewoonlik nie meer as 10 persent van die betrokke persone trek nie en veelal daal hierdie syfer tot laer as 5 persent. Dit is sorgwekkend genoeg, maar wat die posisie nog veel ernstiger maak, is die bewese feit dat dié persone wat wel by 'n vrywillige kursus aansluit, nie diegene is wat dit die nodigste het nie. Ontsaglike pogings van oorreding en sedelike druk wat op hul uitgeoefen word, lei net tot onvoordelige kragsinspanning. Die tyd het aangebreek wanneer verpligting *'n absolute noodsaaklikheid* geword het. Aan hulself oorgelaat, begryp die potensiële studente eenvoudig nog nie wat hulle mis wanneer hulle nie met hul opvoeding voortgaan nie.

Nie alleen sal die voorgestelde wetgewing die hele onderwerp van die opvoeding van volwassenes outomaties op die voorgrond bring nie; daar moet ook op gewys word dat die bestaande inrigtings en ander geriewe buitengewone geleenthede aanbied om die voorgestelde verpligte kursusse teen betreklik geringe uitgaaf te laat ontwikkel. Al die provinsiale onderwysdepartemente het verklaar dat hulle bereid sou wees om te verseker dat hulle inrigtings vir voortgesette opvoeding gebruik mag word.

So'n kursus soos die volgende sou van waarde wees, maar dit kan in sommige opsigte gewysig word indien verlang:—

(*a*) Die landstale.

(*b*) Beroepsopleiding—een vak volgens keuse van die leerling, met die wetenskaplike, geskiedkundige en aardrykskundige agtergrond wat daarby pas.

(*c*) Liggaamlike opvoeding.

(*d*) Burgeropleiding.

(*e*) Kultuurwaardering en -uitdrukking.

(*f*) Godsdiensonderrig.

In die stede en die groter dorpe kan die werk sonder veel moeite in die tegniese kolleges, voortsettingsklasse en provinsiale skole onderneem word. In die landelike streke sal volkskolleges met die nodige voorsiening vir inwoning verskaf moet word. Hulle kan by bestaande plaasskole, skoolplase, landbouskole en beroepskole gedurende die lang vakansies gehuisves word. Sommige van die beroepskole sal tot permanente volkskolleges kan ontwikkel en die studente kan daar vir 44 dae aaneenlopend of met tussenpose, na gelang van die eise van die werk by hulle plase, inwoon en die kursus deurloop. Daar is ook nog militêre kampe wat in diens geneem kan word. Net 'n oomblik van nadink is nodig om ons te laat verstaan watter kragtige vormende invloede daar sal inwerk op die leerlinge wat die geleentheid kry om in so'n residensiële kollege in te woon.

Dit sou nie billik wees om te verwag dat die bestaande personeel in vakansietye op diens bly by die volkskolleges nie, en dus sal verder personeel aangewerf moet word. Alle addisionele werk wat die bestaande kragte onderneem, moet ekstra besoldig word. Vir die oprig van verder geboue sal daar egter aanvanklik geen noodsaaklikheid bestaan nie, en vir die aankoop van veel uitrusting ewemin. Dit is moontlik dat dit in die begin hier en daar moeilik mag gaan om die nodige huisvesting te bekom en ek meen dus dat dit raadsaam sal wees om in die wetgewing voorsiening te maak vir kwytskelding

van bywoning vir bepaalde tydperke volgens die oordeel van die Departement na raadpleging met die Plaaslike Komitee van die betrokke streek.

Wanneer hierdie wetgewing aangeneem is, sal Suid-Afrika rede hê om haarself geluk te wens.

As die formele onderrig van skoolverlaters op 'n deeltydse basis verpligtend gemaak word tot hul 18de jaar, dan sal die verstandelike peil van die bevolking heelwat verbeter, maar dit is dan nog belaglik om te dink dat alle formele opvoeding van ongeveer 92 persent van ons blanke bevolking op 18-jarige leeftyd eindig en dié van die res op 22- of 23-jarige leeftyd.

Daar is seker nie een van ons wat kan dink dat 'n mens se intellektuele en geestelike groei eindig of dat kennis en wysheid bekom word wanneer hy 'n universiteitsgraad verwerf het nie. Iedereen weet buitendien dat die behoefte aan kennis en wysheid veral dan sterk is wanneer ons met die verloop van jare in betrekkings kom te staan waar die invloed wat ons op ander uitoefen van die allergrootste belang is. Ons kry groot invloed oor ons kollegas en vriende, oor ons onderhoriges en afhanklikes, veral oor ons eie gesinne. Ons kry altyd meer mag in hande, mag oor die lotgevalle van ander—miskien oor dié van 'n inrigting, 'n regeringskantoor, 'n munisipaliteit, 'n vakunie of federasie van vakunies, 'n besigheid, 'n universiteit, miskien selfs 'n nasie. Kan die opvoeding in hierdie later jare van ons lewe, wat allergewigtigste jare is, niks meer vir ons doen bo en behalwe wat dit vir ons aan die universiteit in daardie eerste jeugdige jare gedoen het nie? Het die behoefte daaraan op 22-jarige leeftyd geëindig? Was ons toe klaar voltooide en volwaardige wesens? Het die wêreld sedert dié tyd stil gestaan of het dit verander? Het daar nie nuwe vraagstukke, nuwe idees, nuwe magte en nuwe metodes te voorskyn gekom nie?

Die antwoord is duidelik: nie alleen is daar baie vir ons aan kennis te leer nie, ons wil ook leer om mense beter te verstaan en te waardeer, en om beter met hulle om te gaan. Nog meer: ons voel die behoefte aan ontspanning, genot en plesier.

Ons wil weet wat skoon en goed is en wil ons in die posisie stel om daar voordeel uit te trek en ons wandel daarna te rig.

### Doel.

Uit die voorafgaande sal al duidelik geblyk het wat die vernaamste doeleindes is wat met die opvoeding van volwassenes beoog word: die voortduur van beskawende en vormende invloede, die vermeerdering van kennis, innerlike groei van intellek en persoonlikheid, die verkry van groter insig en dieper oordeel oor die menslike natuuraard wat sal help om suksesvoller kontakte te maak, groter bekwaamheid om ons nering of beroep te beoefen, en waardering van, sowel as deelname aan wat skoon is in die kuns en in die natuur.

Dit sal waarskynlik die lewensjare van 18 tot 25 wees wat die meeste sorg en aandag van die opvoeder van volwassenes sal eis, want in daardie jare is die jongmense nog baie gevoelig vir invloede en hulle het nog nie 'n vaste plek in die land se werkwêreld ingeneem nie. Huislik het hulle ook gewoonlik nog nie 'n tydperk van bestendigheid bereik nie en hulle kan vireers nie so maklik genader en by gereelde werksaamhede ingeskakel word nie. Laat ons hierdie kritieke jare van 18 tot 25 dus in gedagte hou. Dit was na belangrike toetse wat Grundvig en Kold in Denemarke uitgevoer het, dat daar vasgestel

is dat die leertydperk na 18 vrugbaarder is as dié na 14, en op grond van daardie ondersoek is besluit om die Deense Hoër Volkskool se leerlinge eers na 18 jaar op te neem.

### Opvoeding vir Werk.

Hier moet kortliks die aandag bepaal word by die belangrikheid van beroepsopvoeding en heropvoeding van volwassenes. Iemand het die persoon wat 'n goeie opvoeding ontvang het, vergelyk met 'n man wat van 'n nuwe motor voorsien is. Dit moet stadig aan sy eerste slytasie gewoond gemaak word. Maar as dit vir jare gebruik word sonder dat dit van tyd tot tyd nagesien en reggemaak word, sal dit ophou om 'n bruikbare vervoermiddel te wees en weldra is dit 'n gevaar vir die publiek.

Daar is baie van ons wat ons onder hierdie onopgeknapte voertuie tel. Ons is ouderwets, ons belas die motorhuise, ons loop oor tot in die strate, ons kruip langs die paaie met onwelluidende krake en ons versper soms die weg van dié wat vorentoe wil kom. Ons dien in die regering, ons sit in die parlement, die provinsiale raad, die onderwysdepartement, of ons volg die beroep van die dokter, die wetgeleerde, die predikant. Ons werk by die munisipaliteit, op die spoorweg, by die ingenieursfirma, in die garage, by die modiste, in die bank, in die kantoor. Ons eerste opvoeding het ons ver gebring. Daarna het ons bevordering gekry deur die geesdrif wat ons tydelik aan die dag gelê het, weens senioriteit, of deur die dooie verloop van tyd. Maar nou is ons reeds veertig jaar of ouer, die tye het verander, ons het aan die roetine gewoond geword en ons voel nie bra lus om te roer nie.

,, Opskud, kêrels,'' roep die jongeres, maar ons het gewoond geword aan ou verroeste metodes en die gevestigde idees van die dae toe ons iets in die twintig was.

,, Wanneer sal hulle aftree of doodgaan sodat ons kan vorentoe beur? '' wil die jonger geslag weet.

Dit is uit 'n besef van hierdie toestand dat daar vakansiekursusse gereël word vir onderwysers, kortkursusse vir boere, konferensies, lesings en demonstrasies vir huisvrouens, handelskursusse vir sakelui. Onderwysers sou kan verplig word om elke vyf jaar 'n opknappingskursus by te woon—so ook predikante, medici, ambagslui, boumeesters, kunstenaars, verpleegsters, veeartse, orreliste, dirigente, professore en staatsamptenare. Die Spoorweë het 'n pragtige inrigting vir hierdie doel op Kroonstad. Die polisie gee heropleiding by Pretoria, Landbou het sy boeredae, vroueliggame hulle lesings, demonstrasies en konferensies, tegniese kolleges het talle van beroepskursusse vir werkende tegnici en handelslui. So kom daar nuwe bekwaamheid, frisheid en stukrag by die werk wat vir die land gedoen moet word. Die opvoeding van volwassenes, van een kant besien, blyk 'n proses te wees waardeur manne wat groot is maar geringe betrekkings vul, toegerus word om groot poste te beklee en grootse werk te verrig. Ek is onlangs deur 'n jong man besoek wat 'n klein hoenderboer op sy dorp was maar hom daarna bekwaam het om as sekretaris van 'n aartappelmoerkwekersvereniging te dien. Hy het in die boerdery en in besighede gaan leer en orals raad gevra. Daarna het hy, soos hy self verklaar, die boekery van die Landboudepartement oor sy onderwerp ,, leeg gelees ''. Hy het sopas provinsiale organiseerder vir 'n Boerevereniging geword. Ek weet van 'n ander jong boer wat homself sodanig bekwaam het in sy eie werk dat hy tans 'n gesogte beoordelaar by landboutentoonstellings is.

Dit lê langs die weg van iedereen wat hom vir sy werk ten volle wil bekwaam om te sorg dat hy sy kragte na liggaam en gees nie alleen bewaar nie maar ook versterk en ontwikkel. *Opvoeding vir gesondheid* kan dus beskou word as 'n essensiële onderdeel van opvoeding vir werk. Plaaslike gesondheidsliggame soos die Noodhulpliga en die Rooikruis sowel as sport- en gimnastiekverenigings word dus deel van die skare van kragte wat opvoeding ter plaatse bevorder. Die onderwerpe waaraan hulle die aandag wy is ewe talryk as die menigte invloede wat die kragte kan ondermyn: verstandige indeling van die werkprogram, daaglikse rustye, vryetydsbesteding, vakansies, en ander vorms van vroegtydige bewapening teen siekte en swakheid soos reise, oefening, voeding, voorkoming en bestryding van plae, en ander middels wat stelselmatig aangewend word.

### Opvoeding vir Insig in Sake.

Maar dit is nie alleen vir beter werkverrigting dat voortdurende of hernude opvoeding nodig is nie. Dit geld veral ook ten opsigte van daardie sake waarin algemeen belang gestel word, soos die politiek, ekonomie, landsake, wêreldtoestande en algemene kennis. 'n Mens is baie beter in staat om enigeen van hierdie dinge te begryp as jy dertig jaar oud is dan wanneer jy op skool of aan 'n universiteit vertoef, want jy weet baie meer van die menslike natuur en jy het iedere jaar baie uit die boek van die lewe self geleer. Maar by gebrek aan die nodige voorsiening vir die opvoeding van volwassenes kry byna niemand die kans om die smaak en die menings wat hy tydens sy studiejare opgedoen het, grondig in hersiening te neem nie. Daarvoor is leiding en voorligting klaarblyklik nodig, anders dra 'n mens die veelal oppervlakkige, oningeligte en onrype menings van jou jeug dalk met jou na die graf. Groepwerksaamhede is hier die beste, want alleen-les en alleen-studeer is nie baie bemoedigend nie. Sulke ernstige sake soos die politiek, die godsdiens en internasionale verwikkelings verdien stellig die beter aandag wat die ryper ervarings en insig van ons later lewe daaraan kan wy. Terwille van onsself en die samelewing waaraan ons behoort, is dit noodsaaklik.

Watter reëlings sal ons tref om die voorligting en voortgesette opvoeding wat ons verlang te verkry?

Ons sal nagaan watter inrigtings soos departementele beroepskole, hoërskole, tegniese kolleges of universiteite daar is wat die debatte, samesprekings, forums, simposiums of lesings wat ons verlang kan organiseer. As daar nie sulke inrigtings is nie, sal ons na 'n vrywillige organisasie soek wat bereid is om dit te doen—'n ouersvereniging, 'n tak van 'n vroueliggaam, 'n debats- of kultuur- of letterkundige- of christelike jongliedevereniging. Ons laat die institute wat vir propaganda en groepbelange of groepverheerliking opgerig is maar links lê. As die onderwerpe waarvan ons meer wil weet op ons versoek op die program verskyn, dan doen ons navraag na die regte persone om hulle in te lei, en ons probeer om, sover as dit in ons lê, alle kante van 'n saak te hoor. Ons raadpleeg dus die deskundiges wat binne ons bereik is, per brief of in 'n persoonlike onderhoud, en ons vind veral uit wat die plaaslike biblioteek oor die onderwerp het of elders kan leen of aankoop.

Die program van werksaamhede wat ons vereniging dan eindelik opstel, kan maklik sommige van die volgende onderwerpe bevat:

Buitelandse reise;

hoe 'n kind in sy (haar) rypingsjare begryp kan word en behandel moet word;

die noodsaaklikheid dat die staat geld bestee vir oorseese studie;

ingevoerde doseerkragte;

die landbou in die Transkei;

wat ons ekonomie aan die naturel te danke het;

die gesondheidstoestand in die Ciskei;

hoe ek 'n skrynwerker (of 'n skrywer) kan word;

hoe vrede verseker kan word ('n ope forum);

ons sterre;

die sielkunde in my besigheid;

hoe ons berge gevorm is;

wat ons klippe ons vertel;

voor-historiese Suid-Afrika;

hoe ons inflasie kan ontsnap;

hoe hulle die atoombom maak;

verloor die Kleurling sy taal?

skulderkentenis as 'n basis van rassesamewerking;

wat ons aan die ou Grieke verskuldig is;

ons belastings ('n debat);

ons eksamenstelsel eis hersiening ('n debat);

waarom Roosevelt oorlog gesoek het;

wat die geheim van Stalin se mag is;

werkstakings kan deur arbitrasie besleg word ('n ope forum);

regverdigheid teenoor ons nie-blankes;

wat daar op Odendaalsrus gebeur;

hoekom goudaandele se pryse oornag daal;

die Kleurling in ons letterkunde;

my verpligtings teenoor Suid-Afrika;

karakoelboerdery;

hoekom ek my vat op my kind verloor (deur 'n ouer en 'n sielkundige);

hoe 'n boek gebind word;

kartels in Suid-Afrika;

Suid-Afrika 'n kommunistiese land in 1970 ('n ope forum);

hoe die Indiër in Suid-Afrika leef;

ons buitelandse handel;

Suid-Afrika is nie 'n demokratiese land nie ('n debat);

hoe ek my vriendekring kan vergroot;

hoe 'n mens 'n groothandelaar word (deur 'n groothandelaar);

die naturel in Wes-Kaapland;

hoe ek 'n tabberd of 'n tafel kan maak;

die plaas se bydrae tot die volksaard;

'n republiek van Suid-Afrika sal nog aan wêreldoorloë deelneem ('n debat);

waarom die godsdiens sy vat op die jeug verloor het (deur 'n groep van vier jongmense);

ons immigrante (deur drie of vier persone wat verskillende standpunte huldig);

ons bemarkingsvraagstukke;

ons immigrante se insig in naturelle-sake ('n historiese behandeling van twee kante);

invloed van immigrante op ons handel;
Indiër-immigrasie na Afrika.

### Opvoeding vir Genot wat Kultuurwaarde het.

Ek vind dit nie maklik om oor estetiese genot te praat of te skryf sonder om na bepaalde voorbeelde te verwys nie, dus wil ek met sulke gevalle in gedagte 'n paar algemene indrukke aanbied.

Die eerste gedagte is dat by die kuns wat, kort gesê, 'n weergawe is van wat fraai is, soos iedereen dit vir homself sien of hoor, dit nou eenmaal nie help om oor die indiwiduele smaak van verskillende persone te redeneer nie. ,, *De gustibus non disputandum* '' het die ou Romeine gesê, ,, oor die smaak mag daar nie geredekawel word nie ''. ,, Weet dat, wat ik waarheid *noem*, ook waarheid *is* voor my '' het die Nederlandse toneelskrywer, Schimmel, vir een van sy karakters in *Johan Woutersz* in die mond gelê. Van kleins af het ek in een van die wêreld se bekendste skilderstukke, die Mona Lisa, 'n onberedeneerde hekel gehad. Toe ek die oorspronklike 'n paar jaar gelede in die Lourve in Parys te sien kry en my vroeë afkeer probeer ontleed, kom ek tot die gevolgtrekking dat dit die onaangename, siniese uitdrukking op die vrou se gesig was wat my afgestoot het, en ek het te min kennis van die skilderkuns gehad om die werk as kunsproduk te waardeer. Vandag hou ek nog nie veel daarvan nie, maar die res van die mensdom bewonder dit blykbaar baie.

Op 'n stadstoertjie in Brugge as lid van 'n internasionale kongres oor kunsonderrig, het ek verdwaal en by 'n middeleeuse kerk ingeslenter. Op die drumpel moes ek bly steek voor die asemrowende skoonheid van 'n Maria-groep in wit marmer voor die preekstoel. Geen wonder, want toe ek nader stap en lees, ontdek ek dat dit 'n groep van Michael Angelo was. Maar toe ek dit later aan 'n Hollanderkunsvriend toon, sê hy doodkalm: ,, Nou, ja, ............ maar zo heel besonder vind ik 't tog niet.'' Ek kon maar net vir my toefluister: ,, *De gustibus* .................... ''

Soortgelyke gebeurtenisse kan ten opsigte van die musiek, die toneel of die betrag van die natuur vermeld word. Toe ek kort in Duitsland aanland en met 'n aantal ouer studente wat reeds met die Duitse kuns deurweek was, my eerste besoek aan die teater bring, kon ek nie verstaan waarom hulle met *Faust* in die wolke was nie; en sommige het my waardering van *The Scarlet Pimpernel* kinderlik en my bewondering van die Matterhorn naïef gevind.

Dit is dan in die eerste plek duidelik dat die waardering van kuns, kunsdade en kunsprodukte 'n persoonlike saak is wat die ander mense nie vir ons kan voorskryf nie en waarmee hulle ons nie altoos veel kan help nie, behalwe deur ons onder die onbelemmerde invloed daarvan te bring. Jou smaak is jou eie. Maar ons merk in die tweede plek dat dit nie 'n konstante faktor is nie. In die begin hou jy miskien nie veel van Bach nie, later wel; in die begin stel jy belang in *Casabianca*, later in *Hiawatha*. Jou smaak, jou oordeel en jou belangstelling ondergaan dus verandering soos die jare vir jou vermeerder—ook met jou opvoeding, ondervindings, lewenservaring, sukses, teleurstelling en smart. Jou smaak kan ontwikkel en opgelei word om veelomvattender te word en hoër vorms van kuns te waardeer. Soms is dit spontaan en tree dit onverwags op die voorgrond soos by die Naturel wat vir die eerste keer die *Vertellings* van Hofmann hoor of *Agter die Berge* van C. M. van den Heever lees en dan gaan geld leen om hulle te koop. In die derde plek is dit duidelik dat terwyl

waardering van wat fraai is, internasionaal en universeel is, ons tog weer aan die ander kant vind dat dit besondere liefde en dieper lojaliteit voel vir wat meer eie en beter bekend is. Die persoon wat pas uit Engeland hier aanland raak opgetoë oor Shelly se ,, I bring fresh showers to thirsting flowers ", terwyl die een wie se voorouers al vir 'n paar geslagte hier woon, meer meegevoer word deur Jan Cilliers se ,, Ek slaap in die rus van die eeue gesus ", die een deur sy ,, folk dances " en die ander deur sy volkspele. Die een waardeer Romney en Turner meer, die ander Roworth en Hugo Naude. Die absolute verdienstelikheid van die werke is nie die enigste faktor nie. Dit is duidelik ook die vraag of dit beminde eie goed is of nie. Ten vierde wys ons op die feit, wat ons nooit te veel kan beklemtoon nie, dat by die opvoeding van volwassenes vir plesier en interessante estetiese gewaarwordings, *deelname* in die kultuurpogings die sekerste grondslag lê vir volle begrip en dus ook vir die diepste waardering. Ons kan sê dat 'n ons van persoonlike deelname meer werd is as 'n pond van passiewe toeskou en aanhoor. Daarom bewys die persoon of groep wat vir 'n omgewing 'n bymekaarkomplek en ander geriewe tot eie beoefening van die kuns skenk, veel groter dienste as dié wat net persone oorbring om voor te dra of hul werk uit te stal. Daarom ook word die eie vereniging se toneel- of musiekopvoering soveel hartliker ondersteun as die klaargemaakte toneelstuk of filmvertoning wat van elders gebring of deur die lug uitgesaai word. Seer seker wil en moet ons altwee hê, want die kunstenaars van elders verskaf ons ook veel genot en gee ons veelal 'n modeluitvoering om na te streef; maar die meeste van die twee is deelname van die grootste aantal beoefenaars.

Ten slotte sal iedereen voel dat die kuns op sy bes genome, ons op die hoogtes laat uitklim, ons momente van vervoering laat beleef en oomblikke van sielsgenot laat ervaar wat tot arbeid aanspoor en op toewyding uitloop. As sy 'n skone en navolgenswaardige Meesteres is, hou die Kuns nie van wuftheid of oppervlakkigheid nie.

Almal se talente is nodig en iedereen s'n kan tot uiting kom, hetsy by die toneel, die musiek, die beeldende kunste, die letterkunde, die fyne kunste, volkspele, opvoedkundige gesellige verkeer, die bou van 'n huis, die maak van 'n tuin, die versier van 'n koek, die vervaardiging van 'n rok of die aanlê van 'n plaas. Enkele kunsprodukte word deur indiwidue gelewer, maar vir die meeste word ons in groepe, verenigings, klubs en ander liggame betrek.

Hier volg 'n lys onderwerpe waaraan sulke liggame miskien sal dink by die opstel van hul programme. Die lys is natuurlik op verre na nie volledig nie. Die terrein word alleen deur die belangstelling van die betrokke groep begrens—anders is dit grenseloos:

'n Aand met A. G. Visser;

'n grammofoonuitvoering in die skoolsaal of in die buitelug, met 'n paar kort praatjies oor uitstaande stukke, so gesellig en informeel as moontlik;

'n toneelstuk van Fagan;

'n aand van volkspele in die buitelug of in 'n saal waar lede van die gehoor kan leer deelneem;

'n aand met Jan Cilliers en Shelley;

'n aand van liggaamsoefening en volksliedere;

'n uitstalling van fraai naaldwerk;

'n tentoonstelling van oudhede met kort verduidelikings;

die walse van Strauss deur Charles Manning se orkes;

'n aand met die Kaapstadse of die Johannesburgse orkes;

'n praatjie oor die beroemde monumente van die wêreld, met ligbeelde;

'n praatjie oor die beroemde beeldhouwerke of skilderstukke of ou kerke, met ligbeelde;

'n praatjie oor tuine in Suid-Afrika en in die buiteland, met ligbeelde;

'n musiekfees of toneelfees waaraan die beste verenigings deelneem;

bespreking van ons treffendste dierestories in Afrikaans en Engels;

'n aand met Tennyson;

middeleeuse kerke, met ligbeelde;

juweeltjies uit Shakespeare;

Cecilia Wessels en die Kaapse orkes;

'n uitstalling van non-moderne skilderstukke;

'n klassieke opera;

ses elk van ons beste Afrikaanse en Engelse gedigte deur verskillende persone voorgedra;

'n aand van Afrikaanse volksliedere deur Engelssprekendes voorgedra;

'n aand van Engelse volksliedere deur Afrikaanssprekendes voorgedra;

'n balletuitvoering deur die Kaapstadse of Johannesburgse vereniging;

'n tentoonstelling van handwerk deur mans uitgevoer;

'n tentoonstelling van handwerk deur vrouens uitgevoer;

'n aand van musiek deur 'n Naturellekoor;

Kersmusiek en karnawals deur 'n Kleurlingorkes;

'n filmaand van amateurs wat ons natuurskoon vertoon;

volksliedere van die vernaamste lande;

'n vertoning van handelsplakkate.

Afrikaanssprekendes doen mee aan die werksaamhede van die Engelse organisasies en omgekeerd. Hierdie reël word gedurig meer en meer die praktyk by die opvoeding van volwassenes.

### Privaat Ondernemings en Opvoeding vir Genot.

Hierdie afdeling word afgesluit met 'n sitaat uit 'n onlangs gepubliseerde werkie uit Engeland afkomstig, *The Further Education of Men and Women*, (Oxford University Press, 1946).

,, Opvoeding word op 'n groot skaal aan volwassenes verskaf deur liggame wie se doel nie in die eerste plek opvoedkundig is nie. Veel word deur persone verskaf wat wins trek uit wat hulle in hierdie opsig doen. Skrywers, uitgewers, musici, kunstenaars van allerlei aard en dié wat met die bioskoop en die teater verbonde is, verdien op hierdie wyse 'n bestaan. Ten goede of ten kwade het hulle ontsaglike invloed op die denkwyse en die karakter van dié wat vir hulle produkte betaal. Die doel is nie opvoedkundig nie; die uitslag mag opvoedkundig wees; maar dit kan ook die teenoorgestelde wees. Daar word somtyds verontwaardiging gelug oor die slegheid van baie produksies wat die laagste smaak wat daar by die bevolking bestaan, wil bevredig en die lesers en die gehore wat iets van 'n ander aard mag verlang verwaarloos. Ons wil beklemtoon dat ons beskou dat groot kunswerke onder die belangrikste van alle opvoedkundige instrumente getel moet word. Ons is gesteld daarop dat die beste vorms van kuns in die letterkunde, in die musiek en in alle vorms van vermaaklikheid vir

die groots-moontlike publiek sal oopstaan. Op die oomblik is dit nie die geval nie."

Almal wat by die opvoeding van volwassenes betrokke is, en veral diegene wat 'n wakende oog oor die plaaslike belange hou, sal hieroor nadink, en toesien dat die toestand wat hier vir Engeland geskilder word maar in Suid-Afrika nog veel erger is, vir ons verhelp word.

### Opvoeding vir 'n Lewenswandel en 'n Lewensfilosofie.

Dertig, veertig jaar gelede was die uitkyk van ons bevolking baie anders as vandag. Daar was algemeen verinnerlikte lewe, 'n besef van 'n verhewe roeping, en 'n drang om diens te lewer. Die mense het betreklik weinig waarde aan geld, aan stoflike welstand en aan persoonlike voordeel geheg. Dié wat in daardie tyd gelewe het, die oorgang gesien het, en die huidige tyd deurmaak, probeer om 'n rede te vind waarom die algemene gees toe so anders was. Hulle meen dat die nederlaag wat die Afrikanervolk tydens die oorlog verduur het, 'n sterk spoorslag tot inspanning met die oog op nasionale heropbou verskaf het. Die bevolking het gevoel dat hulle te goed was en te veel beteken het om hulle as gewone oorwonnenes in vernedering neer te lê. Hulle sou hul hoofde weer ophef en hoog hou. In groot getalle het die jongmense gaan studeer en die kursusse wat hulle meestal gevolg het, was kensketsend van die ambisie wat iedereen gekoester het om sy rol in die volksherstel te speel: die evangeliebediening en die onderwys. Tegelykertyd het hulle veel aandag begin wy aan die geskiedenis, die ekonomie, die landbou en die geneeskunde. Eerlang is dan ook verkry dat hierdie sake in die opvoedkundige program van die land die plek gekry het wat hulle toekom en het die ou klassieke kursusse in populariteit afgeneem. Sodanig was die Boere se antwoord op die nederlaag van 1899-1902. Ook die jeug van die later inkomelinge in Suid-Afrika het hier 'n land gevind waar hulle kragte met voordeel ingespan kon word en wat hulle en hul nageslag intens leer lief kry het.

Maar daar is 'n ander verklaring van die drang tot nasiediens en die geesdrif van toe. Dit is in die godsdienssin van die bevolking van destyds geleë, in die kerkbesoek, in die huisgodsdiens en in die persoonlike lees van die Bybel. Die predikante sowel as hul gemeentes en die res van ons was destyds ewemin volmaakte wesens as tans en veel van die saad het op dorre aarde geval, maar die Bybel het tog die openbare mening gevorm en het 'n rigsnoer verskaf wat die mense se lewenswandel bepaal het. Die jeug het in 'n atmosfeer van eerbied vir wat goed, eerlik en onbaatsugtig was, opgegroei, en vir oud en jonk was dit goed om 'n godsdienstige agtergrond te hê en ontsag vir die tradisie te voel.

Die tye het verander. Die verbystering wat uit die Boere-oorlog ontstaan het, het afgeneem en 'n gevoel het langsaam veld gewin dat mag reg is en dat geld enigiets en enigeen kan koop. Die verloop van die eerste wêreldkryg met die leuens en verwoesting wat daarmee gepaard gegaan het, het 'n soortgelyke uitwerking op ons bevolking gehad. Dit is deur die tweede wêreldoorlog met sy barbaarshede en sy magstriomf honderdvoudig vererger. Die uitwerking op die gees van die bevolking in Suid-Afrika is weer ontsettend bedroewend. Die enigste mag wat vroeër aan die Suid-Afrikaner duidelike norms van gedrag en 'n helder lewensbeskouing verskaf het, het veel van sy invloed verloor. Hy dobber 'n bietjie rond, sonder roer en sonder

anker. Sy seuns en dogters soek na leiding, na iets bestendigs, iets edels, iets waaraan hulle hul kan vasheg, iets waaraan hulle hul bewondering, hul liefde en hul offervaardigheid kan gee, iets waaraan hulle hul kragtige, jeudige energie kan wy. En wat bied ons hulle aan om die plek te neem van die gereelde kerkbesoek en die getroue skriflesing van hul voorgeslag? Watter invloede is daar wat bestendig die gedagte en die gemoed van die bevolking besig hou? Dit is die bioskope, die goedkoop pers, tienduisende geïllustreerde ingevoerde boekies—en watter illustrasies!—en die jongste bokswedstryd.

Wat beters kan ons aanbied?

Die antwoord is dat die enigste volledige oplossing weer in die godsdiens te vinde sal wees en iedere neiging wat sy houvas op die bevolking versterk en die terugkeer daarheen kan bespoedig, moet onderskraag word. Maar ek is oortuig daarvan dat 'n stelsel van opvoeding vir volwassenes wat op die geskiedenis en op goeie lektuur gebaseer is en met hulle lesse deurdring is, meer orde en hoop in ons geestelike chaos sal bring. Die gees van die tyd is uittartend en uitdagend van wat goed was in ons verlede en eis die siel van ons nageslag as ons die uitdaging nie kan aanneem nie. As ons faal, dan is daar 'n ernstige bedreiging van ons beskawing. Die cinisisme van die nuutste tyd en die barbaarsheid van die jongste oorlog dreig om wêreldsanksie te ontvang, om mode te word, en om sonder slag of stoot ons beskawing te vernietig. Van besondere waarde moet ons in hierdie verband beskou die openbarende genie van die digter, die toneelskrywer en die geskiedskrywer. Hulle sien dinge duideliker as die gewone mens. Hulle bring vreugde en genot aan 'n uitgeputte mensdom, deur middel van die musiek en die rykheid van hul taal, maar hulle bring nog veel meer, want hulle openbaar aan ons die fraaiheid in die natuur, in die kuns en in die lewe van 'n mens. Laat ons maar dink aan die besieling en die insiggewende krag van sulke gedigte soos ,, Die Vlakte " van Jan Cilliers, ,, Die Timmerman " van Malherbe, ,, Wie heeft lust den Heer te vrezen " uit die Gesangeboek, ,, Ode on the intimations of immortality " van Wordsworth, Macbeth se rede ,, To-morrow, and to-morrow, and tomorrow ", in Shakespeare, die hele ,, Idylls of the King " van Tennyson, en nog 'n honderd ander stukke.

Maar die letterkunde bied ons nog meer as 'n openbaring van die skone. Dit interpreteer ons eie dade en die dryfvere wat daar agter sit. Op dié wyse stel dit ons in staat om ons geloof in die Mensdom en in 'n albestierende Voorsienigheid te behou. Dit laat ons voel dat in weerwil van wat ongerymd en roofsugtig is, daar in elke indiwidu veel is wat goed is en wat die barmhartigheid najaag. Die letterkunde help ons om in ons gesukkel na boontoe te volhard ten spyte van alles, en sodoende help dit ons om ons geloof te behou en die beskawing te red. Daarom gooi ons nie tou-op nie.

'n Besielde dosent vermag veel. Ons vra dat ons volwassenes in die geleentheid gestel sal word om uit die digkuns en die geskiedenis tot nuwe insig, waardering en vertroue in die hoë roeping van die mens teruggelei te word. Ons vra dat die letterkunde 'n kans sal kry om die natuur aan die nie-siende mensdom te openbaar, die mens aan homself te interpreteer en in die lewensloop van die nasies 'n gestadigde hoewel moeisame opwaartse neiging te laat sien, sowel as 'n waarskuwende vinger teen hebsug en die pogings om die siel van 'n persoon of 'n volk in boeie te slaan.

### PLAASLIKE KOMITEES.

Elke stad en dorp met sy omliggende distrik sal, na ek vertrou, 'n Plaaslike Komitee in die lewe roep, bestaande uit verteenwoordigers van die vrywillige organisasies en opvoedkundige inrigtings wat vir die gebied diens doen. As 'n ou gevestigde en ervare organisasie sal die A.T.K.V. tesame met die R.D.B., die F.A.K., die vroueliggame, die kerke, die munisipaliteite, die kunsverenigings, die jeugorganisasies en die skole en universiteite belangrike bydraes lewer tot die sukses van die Plaaslike Komitees. Die moontlikhede tot nuttige diens deur die komitees lyk my byna onbeperk. Hulle sal ondersoek na plaaslike behoeftes instel en met organisasies en die Departement onderhandel. Hulle vernaamste funksies kan as volg saamgevat word:

*Werksaamhede van Plaaslike Komitees.*

1. Om 'n opname van wat reeds onderneem word te maak, na te gaan vir watter werksaamhede op die gebied van die opvoeding van volwassenes daar nog nie die nodige voorsiening bestaan nie, en plaaslike en ander kragte te mobiliseer teneinde sulke werksaamhede tot stand te bring.

2. Om te oorweeg of by die werksaamhede van die verskillende reeds bestaande Plaaslike Liggame onnodige oorvleueling bestaan. Oorvleueling is nie noodwendig af te keur nie maar somtyds is dit onnodig en onekonomies. Werksaamhede kan egter dikwels met voordeel van wyk tot wyk herhaal word teneinde vervoermoeilikhede te oorkom en die plaaslike patriotisme te bevredig.

3. Om as liggame te dien wat die sukses, op groot skaal, van plaaslike ondernemings sal verseker deur aan opvoerders op allerlei gebied 'n platform en 'n gehoor te besorg. Die Komitees sal help om die plaaslike bevolking te mobiliseer teneinde die sukses van pogings op die gebied van die opvoeding van volwassenes te verseker. Hulle sal daarom koöperatiewe verenigings in die ware sin van die woord wees, en sal hulle samestellende liggame met hulle ondernemings soos boekweke, gesondheidsdae, boeredae, opvoedkundige dae, konserte, volkspele, voortsettingsklasse, maatskaplike sentrums, kort kursusse, sosiale byeenkomste ens., bystaan.

4. Om met liggame uit aangrensende streke of selfs uit verder af geleë dele saam te werk teneinde te verseker dat dienste wat in een omgewing verskaf is, ook na ander plekke geneem sal word, byvoorbeeld konserte, toneelopvoerings, koor- en orkesuitvoerings, musiekfeeste, uitbreidingslesings, kunsuitstallings, handearbeidkursusse en dergelike werksaamhede sal nie heeltemal verdwyn wanneer hulle in een of ander sentrum diens gedoen het nie. Sover as moontlik behoort ook ander plekke besoek te word.

5. Om navrae te doen aangaande die beste manier waarop Plaaslike Komitees vir die omliggende distrikte in die lewe geroep kan word, en die Departement daaromtrent te adviseer.

6. Om te oorweeg watter ondernemings toelae nodig het en verdien, en daaromtrent aanbevelings aan die Departement, aan plaaslike outoriteite en aan ander liggame en individue, wat in die vermoë mag wees om bystand te verleen, voor te lê.

7. Om die Departement aangaande enige ander saak betreffende die bevordering van die opvoeding van volwassenes te adviseer.

8. Om fondse van plaaslike nie-regeringsbronne te verkry en sulke fondse te administreer wanneer dit in belang van die plaaslike ondernemings in verband met die opvoeding van volwassenes wenslik geag word.

9. Om op vaste tye, kwartaalliks of ses-maandeliks, programme op te stel van die werksaamhede wat hulle samestellende organisasies en ander liggame van plan is om uit te voer, om sulke programme te publiseer en om hulle deur die pos aan verskillende liggame en individue te stuur.

10. Om gedurende die vroë stadia van die Komitee se werksaamhede eksperimente uit te voer in verband met besondere aspekte van die opvoeding van volwassenes, soos bv. met aanskoulike onderwys, instruksie deur middel van die radio en die grammofoon, groeponderrig in musiek, massa-opvoeding vir geletterdheid, en doeltreffende metodes om publisiteit te verleen aan die werksaamhede van verskillende liggame. Sulke werksaamhede moet navorsing beoog en moet nie die karakter dra van 'n program wat van die Plaaslike Komitee uitgaan nie, tensy dat die volle toestemming van die organisasie wat vir die besondere werksaamheid verantwoordelik is waarmee geëksperimenteer gaan word, vooraf verkry is.

11. Om in oorleg met die outoriteite van die kerke, skole, normaalkolleges, universiteitsinrigtings, jeugbewegings, volksentrums, sportsliggame, munisipaliteite ens., 'n opname te maak en die rekords sorgvuldig te laat bewaar van alle geboue, terreine en uitrusting vir sowel huisvesting as instruksie wat binne hulle streke tot nut van hul werk kan wees, wie beheer daaroor het, en vir watter tye hul beskikbaar sal wees, en die nodige stappe te doen om die beste gebruik daarvan te maak.

12. Om aktief op te tree wanneer daar in hul streke behoefte bestaan aan geboue, terreine en uitrusting vir swembaddens, gimnasia, biblioteke, sale of teaters met bybehorende vertrekke en geriewe sodat deskundige advies ingewin kan word voordat die planne aanvaar word; en om met die insamel van fondse, waar nodig, daadwerklik mee te help. Om veral te sorg dat stappe gedoen word, in oorleg met die Departement, vir die daarstel van kleinteaters vir die gebruik van amateurgroepe op alle dorpe waar soiets te regverdig sal wees.

13. Om 'n lys te laat opstel en altoos in orde hou van persone wat in staat en bereid is om as onderwysers, instrukteurs, lektore en leiers van groepe op te tree, met 'n opgaaf van die onderwerpe waarmee hulle behulpsaam kan wees.

14. Om 'n spesiale biblioteek van werke oor die opvoeding van volwassenes byeen te versamel, indien moontlik as 'n afdeling van een van die plaaslike biblioteke.

15. Om 'n grootse versameling (sowel as kleiner versamelings op verskillende punte in hul areas) van grammofoonplate byeen te bring en vir die uitleen of die verhuur daarvan teen 'n nominale bedrag te sorg. Die voorraad word gedurig aangevul.

16. Om 'n versameling kunswerke vir hulle streek byeen te bring en te laat huisves.

17. Om 'n versameling opvoedkundige films gaandeweg, maar so gou as moontlik, byeen te bring vir die gebruik van die samestellende

organisasies en inrigtings wat lede van die Plaaslike Komitees is en hulle teen kosprys te laat vertoon.

18. Om gebruikte letterkunde, boeke, koerante, pamflette en tydskrifte bymekaar te maak en in streke wat minder bedeeld is te distribueer.

19. Om in samewerking met ander plaaslike Komitees en met die Departement na te gaan watter nasionale inrigtings in die lewe geroep moet word soos volkskolleges, sentra vir die opleiding van volwassenes, toneelskole, leiers-opleidingskolleges, huisvrouenskolleges, musiekonderwyserskolleges, handearbeidonderwyserskolleges ens., en die nodige stappe in verband daarmee in oorleg met die Departement te laat doen of dit aan 'n sterk nasionaal-opgestelde organisasie op te dra.

20. Om met een of meer samestellende organisasies saam te werk ten einde kort kursusse, vakansiekursusse, lenteskole en mettertyd permanente sentra vir die opvoeding van volwassenes, binne hul onderskeie streke te stig.

21. Om in oorleg met ander Plaaslike Komitees kongresse op 'n streek, provinsiale of nasionale basis ter bevordering van die breë belange van die opvoeding van volwassenes te organiseer.

22. Om met vrywillige en ander ondernemings soos sosiale klubs, die rotariërs, publisiteitsverenigings, munisipaliteite, fabrieke, handelsfirmas en kerke binne hul onderskeie streke te onderhandel, ten einde vas te stel watter werksaamhede iedereen in belang van die opvoeding van volwassenes met die grootste voordeel kan onderneem as hy daartoe geneë mag wees.

23. Om in oorleg met die betrokke outoriteite na te gaan of die volste gebruik van sulke instellings soos biblioteke, dieretuine museums, kunsgalerye en wildtuine in belang van die opvoeding gemaak word, en enige stappe in hierdie verband te doen wat nodig mag blyk.

24. Om na te gaan watter winkel-geriewe vir die aankoop van grammofoonrekords, boeke, koerante en tydskrifte daar binne hulle onderskeie streke bestaan en stappe te doen vir die daarstel van ontbrekende geriewe.

25. Om na raadpleging van die samestellende organisasies en inrigtings 'n opgaaf te maak van die bedrae waarvoor hulle waarskynlik in die volgende boekjaar by die Departement sal aanklop en dit in die eerste week van Oktober in iedere jaar op te stuur.

### Verskeie Plaaslike Komitees in Dieselfde Streek.

Die neiging het hom op 'n paar sentra openbaar om meer as een Plaaslike Komitee te hê. As dit gebeur, moet hulle saam 'n sentrale of ko-ordinerende Plaaslike Komitee kies.

Die begeerte om aparte Komitees vir blankes en nie-blankes in die lewe te roep word algemeen onder die blankes van die land aangetref, met die uitsondering van nie-talryke groepe hier en daar. Die wens om aparte komitees vir Afrikaans- en Engelsprekendes te hê word aangetref waar die Afrikaanssprekendes heelwat vordering op kultuurgebied gemaak het en waar Engelssprekendes nie Afrikaans verstaan en praat nie en ook nie by die Afrikaanssprekendes se kultuurpogings inskakel nie. Die Komitee insake die Opvoeding van Volwassenes het gevind dat hartlike samewerking tussen die twee groepe uiters gewens is. Hulle het geskryf:—

,, In verband met die rassegroepe onder die blankes, wil ons graag daarop wys dat met die praktiese uitvoering van ons voorstelle insake die opvoeding van volwassenes groot moeilikheid ondervind sal word tensy Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes bereid is om saam te werk. Sodanige samewerking sal 'n mate van opoffering van albei kante eis. As dit net van een kant moet kom, dan sal vrugbare samewerking nie te verkry wees nie en sal ons vordering ernstig vertraag word. Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes het tans nog in hoofsaak aparte kultuurliggame. Dit is waar dat Afrikaanssprekendes in die reël kultuurondernemings ondersteun waar veral Engelssprekendes optree, soos in die geval van die radio, die film, die pers, kore, orkeste en toneelopvoerings; maar die teenoorgestelde is nie die geval nie. Aan die ander kant staan Afrikaanssprekendes soms afsydig van ondernemings wat deur Engelssprekendes in die lewe geroep is. Dit is nodig om daarop te wys dat daar veel nadeel berokken sal word:

1. as een groep hom aan 'n onderneming onttrek of hom daarvan onthou omdat dit deur 'n ander groep van stapel gestuur word, of omdat dit veral deur 'n ander groep ondersteun word;
2. as een groep 'n onderneming reël sonder om na te gaan wat die ander groep tot die welslae daarvan kan bydra, of sonder inagneming van die belange van die ander groep.

Spontane en ongevraagde behartiging van die belange van minderheidsgroepe deur die meerderheidsgroepe in dieselfde streke sal een van die sekerste grondslae van sukses wees.''

Die ideaal wat die Departement koester en steeds sterk op die voorgrond stel, is om een komitee vir alle blanke groepe te hê. Die verskillende redes hiervoor is duidelik. Hier word slegs twee genoem:

(1) ons wil 'n eensgesinde volk word, maar die hardnekkige ignoreer van mekaar se bydraes tot 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse kultuur hou die intelligentsia van die twee hoofgroepe uitmekaar; en

(2) elke hoofgroep maak belangrike kontribusies en die een wat die ander se bydraes mis, is tot daardie mate geestelik armer en meer onwetend. Daarby ontbeer hy sterk beskawende invloede en mis hy veel estetiese genot.

Maar die begeerte vir aparte komitees kom hoofsaaklik van die kant van die Afrikaanssprekendes. Hulle sê dat hul Engelssprekende medeburgers selde in die verlede veel aandag aan hul jeugdige maar lewenskragtige kultuur, hul taal, hul skilderkuns, hul beeldhoukuns, hul toneel, hul musiek, hul leefwyse, hul Boerelewensfilosofie en veral hul letterkunde gewy het. Hulle sê verder dat wanneer hulle met eentalige Engelssprekendes op dieselfde liggame dien—en daar is nog baie eentaliges—hulle dit onmoontlik vind om hulle van hul eie taal te bedien.

Oor die eerste punt is die Afrikaanssprekendes se stelling waarskynlik 'n bietjie oordrewe; daar is meer waardering van hul bydraes as wat hulle meen, al kom dit ook nie dikwels in die openbare lewe tot uiting nie. Wat die tweede betref, het die ervaring in onderwys-, staatsdiens-, landbou- en sportkringe al geleer dat die Engelssprekendes hulle uitmuntend aanpas wanneer hulle besef dat dit nodig is. Buitendien berus die begeerte om aparte komitees op 'n nog onvol-

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.